INHOUDSOPGAWE

A. AKTE VAN OPRIGTING VAN DIE BOND 3
Artikel 1: Status, naam en setel 3
Artikel 2: Doelstellings 3
Artikel 3: Taal 3
Artikel 4: Leuse en Erekode 4
Artikel 5: Gebiedsbestek 4
Artikel 6: Regsbevoegdheid van die Bond en aanspreeklikheid van sy lede 4
Artikel 7: Bestuur van bates en fondse 4
Artikel 8: Beskikking oor fondse en bates by ontbinding van die Bond 5
B. STATUTE VAN DIE BOND 5
Artikel 9: Aard van die Bond 5
Artikel 10: Organisasie en beheer van die Bond 6
10.1 Die Kongres: 6
10.2 Hoofbestuur 6
10.3 Verkiesingsprosedure: 7
10.4 Verkiesing van bestuurslede 7
10.5 Funksies van Hoofbestuur: 8
10.6 Dagbestuur: 9
10.7 Stigting / afstigting van takke: 9
10.8 Elke tak – 10
10.9 Takbesture: 10
10.10 Streekbesture: 11
Artikel 11: Lidmaatskap 11
11.1 Die volgende persone kwalifiseer vir lidmaatskap van die Bond: 11
11.2 Assosiaatlede 11
Artikel 12: Beëindiging van lidmaatskap/ampsbekleding 12
Artikel 13: Regte en pligte van lede: 13
Artikel 14: Beskermheer 13
Artikel 15: Ere-President 13
Artikel 16: Embleem, kleure en drag 13
16.1 Embleem 13
16.2 Kleure van die Bond 14
16.3 Drag 14
Artikel 17: Prosedures by vergaderings van die Bond 14
17.1 Sameroepingskennisgewings en sakelyste 14
17.2 Magte van die Voorsitter 14
17.3 Kworums 15
17.4 Mosies 15
17.5 Punte van orde 16
17.6 Reëlings betreffende punte van orde 16
17.7 Notule van vergadering 16
17.8 Pligte en bevoegdhede van die Sekretaris 17
Artikel 18: Finansiële Bestuur 17
18.1 Boekhouding 17
18.2 Donasies 18
Artikel 19: Wysiging van die Grondwet 18

Artikel 20: Uitleg van die Grondwet....19
Artikel 21: Ere-toekennings deur Hoofbestuur....19
Artikel 22: Relaas van ere-toekennings....20
Artikel 23: Raad van Trustees....20
Artikel 24: Woordomskrywing....20
Artikel 25 Bylae's:....21
25(1) Aansoek om lidmaatskap van die Bond vorm (Sien "Bylae A")....21
25(2) Stembriewe (Sien "Bylae B").....21
25(3) Verkiesingsuitslae (Sien "Bylae C").....21

GRONDWET VAN DIE BOND VAN OUD-POLISIEBEAMPTES

DIE BOND IS BY DIE DEPARTEMENT VAN SOSIALE ONTWIKKELING AS 'N NIE WINSGEWENDE ORGANISASIE IN TERME VAN DIE WET VAN 1957 MET VERWYSINGSNOMMER 011-251 NPO, GEREGISTREER

A. AKTE VAN OPRIGTING VAN DIE BOND

Artikel 1: Status, naam en setel

1.1 Die Bond is 'n vrywillige vereniging van oudlede soos bedoel in artikel 11 met die naam 'DIE BOND VAN OUD-POLISIEBEAMPTES'. (Hierna 'die Bond' genoem).

1.2 Die hoofkantoor van die Bond sal gesetel wees by die adres waar die Nasionale Voorsitter van tyd tot tyd woonagtig is.

Artikel 2: Doelstellings

Die doelstellings van die Bond is om:

2.1 die onderlinge kameraadskap, harmonie, vriendskap, hulpvaardigheid en gemeenskaplike belangstelling tussen sy lede te handhaaf en te bevorder;

2.2 na die sosiale belange van sy lede om te sien;

2.2.1 voortdurend te waak oor die welsyn van sy lede deur om te sien na onder andere pensioen- en mediesevoordele;

2.2.2 ook sodanige ander belange wat Hoofbestuur van tyd tot tyd vir sy lede mag identifiseer, te ondersoek en te bevorder; en

2.3 sodanige ander belange wat geïdentifiseer mag word, kan van 'n nood of behoeftige aard wees en kan die hulp van byvoorbeeld die Bejaardesorgfonds of ander verdienstelike instansies ingeroep word, maar moet daar gewaak word om die Bond nie na 'n liefdadigheids- of welsynsorganisasie om te skakel nie.

Artikel 3: Taal

Die amptelike tale van die Bond sal Afrikaans en Engels wees. Vryheid van taalkeuse word erken.

Artikel 4: Leuse en Erekode

4.1 **Leuse**

Die Bond se leuse is: "***Bonitas ad infinitum***".

4.2 **Erekode**

Die Erekode van die Bond sal wees:

4.2.1 om, in erkentlikheid teenoor en aanbidding van die Almagtige God, te alle tye 'n Christelike karakter te handhaaf;

4.2.2 om getrou te bly aan ons land Suid-Afrika en onberispelik te leef met ons woord as ons eer; en

4.2.3 om te alle tye hulpvaardig, hoflik en vriendelik teenoor andere te wees en die belange van lede van die Bond te bevorder.

Artikel 5: Gebiedsbestek

Vir die doeleindes van die Bond, beslaan sy gebied die hele Suid-Afrika. Geen beperking word egter geplaas op lidmaatskap van persone wat buite die Suid-Afrika gevestig is nie.

Artikel 6: Regsbevoegdheid van die Bond en aanspreeklikheid van sy lede

6.1 Met betrekking tot sy belange van watter aard ookal, oefen die Bond regsbevoegdheid uit en is hy gemagtig om fondse, roerende en onroerende bates vir die verwesenliking van sy doelstellings te besit, aan te skaf, aan te wend of te vervreem.

6.2 Enige regsgeding wat deur of teen die Bond ingestel word, moet in sy naam geskied. Geen sodanige regsgeding mag teen 'n lid ingestel word bloot as gevolg van sy lidmaatskap met die Bond nie.

6.3 Geen lid wat wettiglik namens die Bond optree, is persoonlik aanspreeklik vir enige eis, kostes of uitgawes wat uit so 'n eis mag voortspruit, tensy sodanige eis opsetlik en wederregtelik deur so 'n lid teweeggebring is.

6.4 Die finansiële aanspreeklikheid van lede teenoor die Bond of enige van sy skuldeisers, is beperk tot jaarlikse ledegeld en agterstallige ledegeld soos bepaal in artikel 13.5 – 12.1.2

Artikel 7: Bestuur van bates en fondse

7.1 Alle fondse en bates van die Bond word uitsluitlik ter bevordering van die doelstellings van die Bond aangewend.

7.2 Geen gedeelte daarvan mag regstreeks of onregstreeks, hetsy by wyse van ‘n dividend, bonus of andersins, aan ‘n lid of lede van die Bond oorgemaak word nie. Met dien verstande dat niks wat hierin bepaal word, die besoldiging ter goeder trou vir dienste aan die Bond gelewer, honoraria vir dienste deur ampsdraers gelewer of ander uitgawes rakende die werksaamhede van die Bond, belet nie.

7.3 Die Bond of enige van sy takke is gemagtig om skenkings aan instansies soos vermeld in artikel 8.3 infra, te maak.

7.4 Skenkings mag ook deur Hoofbestuur en Takbesture gemaak word aan enige ander verdienstelike instansies wat die belange/behoeftes van afgetrede lede op die hart dra.

Artikel 8: Beskikking oor fondse en bates by ontbinding van die Bond

8.1 Ondanks enige ander bepalings in hierdie Grondwet vervat, kan die Bond slegs ontbind word by wyse van spesiale algemene takvergaderings waartydens ‘n stemming van vyftig persent plus een vir sodanige ontbinding deur die aanwesige stemgeregtigde lede uitgebring is. Die metodiek wat gevolg sal word vir die beoogde ontbinding sal op daardie stadium deur Hoofbestuur bepaal word.

8.2 Indien daar besluit sou word om die Bond te ontbind ingevolge artikel 8.1 en daar na delging van alle skulde en verpligtinge, bates van watter aard ookal onder Hoofbestuur se beheer oorbly, moet sodanige bates te gelde gemaak word en alle beskikbare fondse aan instellings met soortgelyke doelstellings as die Bond, oorgedra word.

8.3 Met by instellings met soortgelyke doelstellings as die Bond, waarna in die voorgaande paragraaf verwys word, word bedoel die instellings soos vermeld in artikel 24.5 (1) – (4) of sodanige ander verdienstelike instansie (s) soos wat ingevolge artikel 7.4 deur Hoofbestuur na oorlegpleging met Takbesture identifiseer mag word.

B. STATUTE VAN DIE BOND

Artikel 9: Aard van die Bond

9.1 Die Bond is ‘n a-politiese vrywillige vereniging van oud-lede van die voormalige Suid- Afrikaanse Polisie, die voormalige Suid-Afrikaanse-Spoorweg Polisie en die Suid-Afrikaanse Polisiediens.

9.2 Die Kongres, soos bedoel in artikel 10.1, mag die Bond kragtens die Wet op Maatskappye (Wet no. 61 van 1973) as ‘n maatskappy sonder winsbejag laat registreer.

Artikel 10: Organisasie en beheer van die Bond

10.1 Die Kongres:

10.1.1 sal bestaan uit verkose Hoofbestuurslede, aanwesige Voorsitters en Sekretarisse of gevolmagtigde afgevaardiges van alle takke van die Bond. Indien die Voorsitter en/of Sekretaris van ‘n tak nie die Kongres kan bywoon nie, moet gevolgmagtigde afgevaardigdes as hul verteenwoordigers die Kongres bywoon;

10.1.2 is die hoogste gesagsorgaan van die Bond en besluite en beslissings wat deur die Kongres geneem word, is bindend;

10.1.3 moet minstens een keer elke twee jaar vergader om ‘n Hoofbestuur te kies, wysigings tot die Grondwet, asook tussentydse wysigings deur die Hoofbestuur te bekragtig, te verwerp, beleid te formuleer en oor sodanige aangeleenthede wat ter tafel gelê mag word, te beslis;

10.1.4 sal as ‘n algemene vergadering van die Bond met ‘n goedgekeurde sakelys ingevolge artikel 10.5.9 konstitueer en voortgesit word;

10.1.5 moet deur die Voorsitter, of in sy afwesigheid, die vise-Voorsitter, waargeneem word. Indien beide afwesig is, moet ‘n lid van Hoofbestuur, uitgesonder die Sekretaris, vir hierdie doel aangewys word deur ‘n meerderheid van stemme van die Kongresgangers;

10.1.6 moet wanneer in sitting, volgens die sakelys waarna artikel 10.1.4 ***supra*** verwys, handel;

10.1.7 mag skemas en projekte ter bevordering van die doelstellings waarna artikel 2 ***supra*** verwys, oorweeg en goedkeur; en

10.1.8 mag in buitengewone dringende omstandighede ‘n spesiale Kongresvergadering belê na eie oordeel of op versoek van minstens ‘n derde van die takke. Die versoek moet skriftelik wees, die rede (s) vir die versoek moet duidelik vermeld word en indien van toepassing met bewyse ondersteun word. Hoofbestuur sal so ‘n versoek met die tersaaklike feite, omstandighede en koste implikasie oorweeg vir die toestaan van die versoek vir ‘n spesiale Kongresvergadering en dié beslissing sal finaal en bindend wees.

10.2 Hoofbestuur

Die samestelling sal bestaan uit:

10.2.1 die Nasionale Voorsitter, Nasionale vise-Voorsitter, Nasionale Sekretaris en of Nasionale Tesourier en vier (4) verkose lede waarvan minstens een (1) oud-onderoffisiere moet wees. Lede word ingevolge die bepalings van artikel 10.3 deur die Kongres verkies en dien tot die daaropvolgende Kongres, tensy so ‘n lid se lidmaatskap ingevolge artikel 12 of artikel 10.3.10 beëindig word; en

10.2.2 mag lede of kundige persone op ‘n ***ad-hoc*** basis met gekwalifiseerde stemregbevoegdheid ko-opteer.

10.3 Verkiesingsprosedure:

Verkiesingsprosedure tydens Kongres- of Takbesture sal soos volg wees:

10.3.1 By wyse van opsteek van hande vir ‘n benoemde kandidaat;

10.3.2 by wyse van ‘n geslote stembrief vir die benoemde kandidaat of kandidate;

10.3.3 ten opsigte van enige van die verkiesingsprosedures moet die kandidaat behoorlik voorgestel en gesekondeer word en moet toestemming tot sy kandidatuur verleen;

10.3.4 voorbereide stembriewe op ‘n A5 vel papier moet vooraf deur die Sekretaris voorberei word, (Sien, Bylae B).

10.3.5 drie lede soos aangewys deur die Nasionale Voorsitter moet as stembeamptes optree. Na kontrolering van die aantal stembriewe benodig, moet dit deur die stembeamptes onder die afgevaardigdes uitgedeel word;

10.3.6 na stemming moet die stembriewe ingevorder en gekontroleer word en in samewerking met die Sekretaris, of sodanige persoon deur Voorsitter aangewys, verkieslik in ‘n toepaslike vertrek, getel word;

10.3.7 op ‘n voorbereide naamlys moet die getal uitgebragte stemme ten gunste van elke kandidaat deur die Sekretaris, of sodanige persoon deur die Voorsitter aangewys, aangeteken en aan die Voorsitter oorhandig word. Ongerymdhede, indien enige, moet deur die stembeamptes aan die Sekretaris gerapporteer word. Laasgenoemde moet dit aanteken en aan die Voorsitter oorhandig, tesame met die naamlys wat deur die stembeamptes onderteken moet word;

10.3.8 die Voorsitter moet, nadat hy in kennis gestel is van die uitslag en ‘n beslissing gevel het oor beweerde ongerymdhede, indien enige, homself van die korrektheid van die stemprosedure vergewis en die name soos per Bylae “C” van die verkose lede aankondig;

10.3.9 die stembriewe met die verkiesingsuitslag, moet in ‘n koevert, geplaas, verseël word met die Voorsitter en die drie stembeamptes se handtekeninge en deur die Sekretaris vir ‘n periode van 6 (ses)maande veilig bewaar word, waarna dit vernietig kan word;

10.3.10 Hoofbestuur kan met twee-derde meerderheidsbesluit ‘n lid van Hoofbestuur wat nie sy verpligtinge nakom nie of meermale sonder verskoning afwesig is, aanspreek of van sy pligte as Bestuurslid onthef.

10.4 Verkiesing van bestuurslede

10.4.1 Elke kandidaat moet voorgestel en gesekondeer word;

10.4.2 ‘n voorsteller kan meer as een lid voorstel, maar daar moet afsonderlik oor elke kandidaat gestem word;

10.4.3 ‘n gewone meerderheid is voldoende, maar die Voorsitter het vir hierdie doel nie ‘n beslissende stem nie;

10.4.4 sou die Voorsitter se posisie ter sprake kom, moet hy die vise-Voorsitter vra om voor te sit. Indien die vise-Voorsitter afwesig is moet ‘n lid van die Hoofbestuur, uitgesonder die Sekretaris, vir hierdie doel aangewys word deur ‘n meerderheid van stemme van die kongresgangers

10.4.5 ‘n kandidaat wat ‘n persoonlike belang het by ‘n aangeleentheid waarby die Bond ook ‘n belang het, moet sodra hy of sy vir ‘n bepaalde pos voorgestel word, sodanige belang aan die vergadering verklaar en hom/haar van die verrigtinge verskoon. Die vergadering moet die beweerde belange bespreek en bepaal of dit enigsins nadelig vir die belange van die Bond sal wees indien die lid of persoon verkies of geko-opteer word. Hierdie beslissing moet aan die lid of persoon oorgedra word vir moontlike repliek en finale beslissing deur die vergadering.

10.5Funksies van Hoofbestuur:

Hoofbestuur:

10.5.1 Gee uitvoering aan en bevorder opdragte en beslissings van die Kongres;

10.5.2 moet waak oor die fondse en bates van die Bond en dit sorgsaam bestuur. Indien nodig, moet finansiële kundiges in die verband konsulteer word;

10.5.3 bevorder en beplan die verwesenliking van die doelstellings van die Bond en kan vir diè doel skemas en projekte inisieer en bevorder;

10.5.4 mag, indien fondse beskikbaar is, bydraes maak tot die reis- en verblyfkostes van Hoofbestuurslede en ander afgevaardigdes na ‘n Kongres, spesiale vergaderings of hoofbestuurvergaderings;

10.5.5 mag hoogstens drie lede/persone wat vir die Bond van nut kan wees vanweë hul spesiale kundigheid of opleiding, ko-opteer om op ‘n ***ad hoc*** basis op die Bestuur te dien, maar met gekwalifiseerde stemreg;

10.5.6 mag, ingeval van ‘n vakature iemand vir die res van die termyn aanwys om op die Hoofbestuur te dien;

10.5.7 moet minstens twee keer per jaar vergader maar kan, indien omstandighede dit vereis, een keer per kwartaal vergader;

10.5.8 moet verseker dat besluite wat geneem word, te alle tye vir insae beskikbaar is en vir diè doel moet ‘n BESLUITEREGISTER bygehou word waarin alle

besluite en die datum waarop geneem op ‘n kruisindeksbasis, alfabeties aangeteken word en deur die Voorsitter en Sekretaris geparafeer word;

10.5.9 moet in oorlegpleging met Takbesture, ‘n datum, tyd en plek vir die hou van ‘n Kongres vooraf deur middel van ‘n sameroepingskennisgewing bekend maak. Hierdie kennisgewing moet onder andere van die volgende vergesel wees;

a. ‘n sakelys;
b. besonderhede van enige wysigings ingevolge Artikel 19.3 of voorgestelde wysigings tot die Grondwet van die Bond;
c. besonderhede van enige mosies wat ter tafel geplaas is vir bespreking;
d. korrespondensie van belang vir die Kongres;
e. ‘n finansiëleverslag en finansiële state;
f. besonderhede van sprekers wat tydens die Kongres aanbiedings sal doen en
g. enige ander tersaaklike aangeleentheid wat dienstig vir die doeleindes van die Bond/Kongres mag wees; en

10.5.10 hierdie dokumentasie moet die Sekretarisse ten minste een (1) kalendermaand voor die Kongresdatum bereik.

10.6 Dagbestuur:

10.6.1 Sal bestaan uit die Voorsitter, die vise-Voorsitter, Tesourier en Sekretaris wat toepaslike roetinesake moet hanteer, met dien verstande dat indien enige van die vier poste deur ‘n egpaar gehou word, ‘n bykomende lid van Hoofbestuur gekoöpteer word, en

10.6.2 kan besluit om argiefstukke na verloop van 5 jaar te vernietig. Stukke van historiese belang moet deur die Sekretaris verwerk en in veilige bewaring gehou word.

10.7 Stigting / afstigting van takke:

10.7.1 Enige aantal lede in een of meer takgebiede, kan oorgaan tot die stigting van ‘n nuwe tak vanaf ‘n bestaande tak of takke. Met dien verstande dat die afstigting nie sonder voorafgaande oorlegpleging met die betrokke tak of takke en met die nodige goedkeuring van Hoofbestuur sal plaasvind. Die primêre doel moet ten alle tye wees om soveel moontlik nuwe takke te stig en die Bond te laat groei;

10.7.2 ‘n stigtingsvergadering waarop ‘n afvaardiging van Hoofbestuur teenwoordig moet wees, moet deur die tak/takke wat geraak word, gereël word. Vir die doeleindes van ‘n verkiesing van ‘n nuwe Takbestuur, sal hierdie as ‘n algemene vergadering van die te stigte tak beskou word en

10.7.3 ‘n takbestuur moet ‘n naam vir die tak toe-eien wat met die gebied verbind kan word. Ingeval van ‘n teenstrydigheid of twyfel moet dit met Hoofbestuur

bespreek word waarna op ‘n paslike naam besluit sal word. Enige naamsverandering na aanvaarding van die oorspronklike naam moet in oorleg met Hoofbestuur gedoen word.

10.8 Elke tak –

10.8.1 kan indien takbestuur sodanig besluit ‘n reglement van sy huishoudelike reëls binne die raamwerk van die Grondwet opstel;

10.8.2 is behalwe waar anders bepaal word in hierdie Grondwet, selfbesturend, selfonderhoudend en verantwoordelik vir die bestuur van sy fondse/bates en die beheer en beveiliging daarvan;

10.8.3 moet minstens elke tweede jaar, maar op ‘n datum voor die datum waartydens Hoofbestuur verkies word, ‘n algemene vergadering belê waartydens ’n Takbestuur verkies moet word;

10.8.4 kan met ‘n meerderheid van stemme met vooraf kennisgewing aan en oorweging deur Hoofbestuur op ‘n algemene vergadering besluit om as tak te ontbind, met dien verstande dat enige aantal lede met goedkeuring van Hoofbestuur, weer ‘n nuwe tak kan stig. Enige bates in naam van die tak sal aan Hoofbestuur oorgedra word vir in trusthouding en latere beskikking.

10.9 Takbesture:

10.9.1 bestaan uit ‘n Voorsitter, vise-Voorsitter, Tesourier/Sekretaris en soveel gewone lede as wat nodig mag wees;

10.9.2 bepaal self die jaarlikse ledegelde. Een derde hiervan moet, indien omstandighede dit vereis, aan Hoofbestuur oorgedra word;

10.9.3 moet notules van alle takvergaderings bygehou en geliasseer word. Artikel 17.7.4 is ***mutatis mutandis*** van toepassing;

10.9.4 moet verseker dat ‘n register met alfabetiese indeks bygehou word waarin alle tersaaklike besluite geneem in aangeteken word. Die bepalings van artikel 10.5.8, 10.6.2 is ***mutatis mutandis*** van toepassing;

10.9.5 moet verseker dat‘ n behoorlike boekhoustelsel, asook ‘n liasseerstelsel vir alle korrespondensie deur die Sekretaris bygehou word. Die bepaling in artikel 10.5.2 en 10.6.2 sal ***mutatis mutandis*** van toepassing wees ten opsigte van gelde ontvang en argiefstukke;

10.9.6 kan indien dit in belang van taklede is, takgebiede onderverdeel en kan addisionele bestuurslede vir hierdie doel aangewys word;

10.9.7 die bepalings van art. 10.3. is ***mutatis mutandis*** van toepassing op Takbesture.

10.10 Streekbesture:

Vir die doeleindes van beter bestuur tussen lede van nabygeleë takke, kan takke onderling reël vir die saamstel van streekbesture. Die funksie van streekbesture sal wees om op streekvlak ‘n gees van sosiale interaksie, kameraadskap en hulp-vaardigheid tussen Bondlede aan te moedig en te bevorder.

Artikel 11: Lidmaatskap

11.1 Die volgende persone kwalifiseer vir lidmaatskap van die Bond:

11.1.1 Enige oud-lid van die voormalige Suid-Afrikaanse Polisie, die voormalige Suid-Afrikaanse Spoorwegpolisie of van die Suid-Afrikaanse Polisiediens wat met pensioen, ‘n vrywillige skeidingspakket, medies ongeskik uitgetree, of eervol bedank het wat opleiding voltooi en as 'n lid diens gedoen het;

11.1.2 reserviste wie in die voormalige Suid-Afrikaanse Polisie of die Suid Afikaanse Polisiediens gedien en afgetree of eervol bedank het wat opleiding voltooi en as 'n reservis diens gedoen het;

11.1.3 die eggenoot/gade of lewensmaat van ‘n oud-lid soos bedoel in artikel 11.1.1 en 11.1.2, die gade van ‘n lid wat in diens gesterf het en ook die gade van ‘n oud lid soos bedoel in art. 11.1.1 en 11.1.2 ongeag of daardie oud lid, ‘n lid van die Bond is of was, al dan nie. Met dien verstande dat in die geval van ‘n lewensmaat die saamwoon jaarliks in Januarie bevestig moet word en lidmaatskap nie voortduur na die afsterwe van die oud-lid nie;

11.1.4 enige weduwee/wewenaar van bedoelde oud-lid soos bedoel in art 11.1.1 en 11.1.2 en by hertroue, ook die eggenoot/eggenote van bedoelde weduwee/ wewenaar.

11.1.5 Sien bylae “A” van Artikel 25(1)

11.2 Assosiaatlede

11.2.1 Hoofbestuur mag iemand wat weens besondere bekwaamhede of vaardighede in een of ander rigting, waardevolle diens in belang van die Bond kan lewer, of gelewer het vir ‘n bepaalde tyd as ‘n assosiaatlid benoem.

11.2.2 n Takbestuur mag iemand as ‘n assosiaatlid benoem-

11.2.2.1 wat verwant is aan ‘n Bondslid of assosiaatlid en

11.2.2.2 wie se lidmaatskap bevorderlik sal wees vir die belange en doelstellings van die Bond;

11.2.3 die getal assosiaatlede mag nie meer as tien persent van die taklede uitmaak nie;

11.2.4 assosiaatlede se lidmaatskap is, behalwe waar Hoofbestuur of Takbesture anders mag besluit, onderhewig aan die betaling van lidmaatskapfooie. Hulle geniet dieselfde regte en voorregte as gewone Bondslede, maar is net gemagtig om gedurende enige van die Bond se aktiwiteite, raadgewend op te tree en nie besluitnemend nie;

11.2.5 kerkverband en politieke oortuigings van lede is faktore wat buite rekening gelaat word by die oorweging van lidmaatskap;

11.2.6 die bevoegdheid om oor lidmaatskap te beslis, berus by die betrokke Takbestuur, maar Hoofbestuur kan op gegronde redes lidmaatskap afkeur; en

11.2.7 'n persoon word nie as lid van die Bond toegelaat nie, tensy hy skriftelik die doelstellings en erekode van die Bond onderskryf en aansoekvorm (Bylae A) voltooi. Enige inligting vervat in die aansoekvorm moet as vertroulik deur elke Takbestuur hanteer word en mag slegs bekend gemaak word met toestemming van die applikant/lid maar met uitsondering van sodanige instansies met wie Hoofbestuur 'n kontraktuele verbintenis het. Die bestaan van 'n kontraktuele verbintenis moet tydens elke Kongres deur die Voorsitter/Sekretaris bevestig word.

Artikel 12: Beëindiging van lidmaatskap/ampsbekleding

12.1 'n Lid hou op om 'n lid van die Bond te wees indien:

12.1.1 hy of sy skriftelik bedank;

12.1.2 versuim om sy of haar ledegeld vooruit te betaal of om die nodige reëlings vir die betaling daarvan te tref; en

12.1.3 hy of sy van sy/haar lidmaatskap ingevolge artikel 12.2 onthef is;

12.2 Hoofbestuur of 'n Takbestuur kan 'n lid van die Bond se lidmaatskap of ampsbekleding beëindig indien die voortsetting van so 'n lid se lidmaatskap/ ampsbekleding na die oordeel van Hoofbestuur of 'n Takbestuur nie in belang van die Bond is nie, vanweë:

12.2.1 deelname aan enige aktiwiteit wat die integriteit van die Bond ondermyn of kan ondermyn;

12.2.2 die verrigting van 'n handeling wat tot nadeel van die doelstellings of erekode van die Bond strek;

12.2.3 skandelike, onbehoorlike of onbetaamlike optrede of gedrag;

12.2.4 growwe of onbeleefde optrede teenoor 'n ander lid; of

12.2.5 'n ander handeling gepleeg het wat na die oordeel van Hoofbestuur of betrokke Takbestuur ernstige wangedrag uitmaak

12.3 Die beëindiging van ‘n lid se lidmaatskap ingevolge artikel 12.2 deur ‘n Takbestuur, moet deur Hoofbestuur bekragtig word alvorens dit van krag word.

Artikel 13: Regte en pligte van lede:

Lede van ‘n tak van die Bond:

13.1 kan algemene takvergaderings bywoon;

13.2 mag deelneem aan besprekings en het stemreg op bedoelde vergaderings;

13.3 is teen betaling op ‘n eksemplaar van die Grondwet en/of Takreglement geregtig;

13.4 kan skriftelik vertoë of klagtes by Hoofbestuur of ‘n Takbestuur aanhangig maak welke vertoë of klagte(s) ondersoek en skriftelike terugvoering aan die lid binne redelike tyd gegee moet word;

13.5 moet ledegelde soos van tyd tot tyd deur ‘n Takbestuur vasgestel, vooruit betaal. Lede van 80 (tagtig) jaar en ouer of ander verdienstelike gevalle word van die betaling van ledegelde vrygestel;

13.6 geniet dieselfde aansien, ongeag rang.

Artikel 14: Beskermheer

Hoofbestuur kan na goeddunke iemand as beskermheer aanwys, wat kan bydrae tot die bevordering van die doelstellings van die Bond, asook die welsyn van sy lede. Sodanige aanwysing kan om gegronde redes teruggetrek word.

Artikel 15: Ere-President

Die Kongres kan ‘n lid van die Bond of iemand wat besonder waardevolle dienste aan die Bond gelewer het, as ‘n ere-President aanwys.

Artikel 16: Embleem, kleure en drag

16.1 Embleem

‘n Agtkantige ster waarbinne twee konsentriese sirkels, met die groetende hande in die binnesirkel geplaas is, asook die woorde: “OUD-POLISIEBEAMPTES : FORMER POLICE OFFICIALS” tussen die twee konsentriese sirkels. Die embleem is afgerond in die kleure van die Bond en die woorde “***Ad infinitum***” verskyn net onder die embleem.

16.2 Kleure van die Bond

Ou goud, swart, grys en maroen waar toepaslik.

16.3 Drag

16.3.1 **Formeel**:

Swart baadjie met die Bond se embleem op die borssak, wit hemp, ‘n maroen das waarop die Bondsembleem in goud in verkleinde vorm as motief verskyn vir mans en strikdas vir dames, met ‘n grys langbroek / grys romp.

16.3.2 **Informeel**

Informele drag moet geoordeel word aan netjiese dag-of aanddrag sonder dat dit formele drag sal wees. Dieselfde sal geld vir die dames;

16.3.3 die dra van medaljes, miniatuurmedaljes en dekorasies word bepleit, veral met formele Bondsdrag om ons Polisiekultuur te demonstreer/bevestig;

16.3.4 by ‘n geleentheid waartydens dit nodig mag wees om te salueer, bv. by ‘n begrafnis of ‘n parade, moet die regterhand oop en plat op die linkerbors geplaas word vir so lank dit nodig mag wees.

Artikel 17: Prosedures by vergaderings van die Bond

17.1 Sameroepingskennisgewings en sakelyste

17.1.1 Die Sekretaris moet, in oorleg met die Voorsitter en inagnemende die voorskrifte van die Grondwet, vergaderings deur middel van skriftelike kennisgewings belê. Met dien verstande dat mondelingse kennisgewings voldoende sal wees in spoedeisende gevalle; en

17.1.2 behalwe in uitsonderlike gevalle, moet ‘n sakelys beskikbaar wees vir elke vergadering wat belê word.

17.2 Magte van die Voorsitter

Die Voorsitter:

17.2.1 bepaal die verloop van en orde tydens vergaderings;

17.2.2 kan ‘n aanwesige weens wangedrag of versteuring van die goeie orde gelas om die vergadering te verlaat;

17.2.3 het ‘n beslissende asook ‘n gewone stem. By gebrek aan die toepassing van sy beslissende stem, verval ‘n mosie;

17.2.4 mag die vergadering verdaag in gevalle van ernstige wanorde of ongehoorsaamheid;

17.2.5 moet in geval van ‘n gebrek aan die voorgeskrewe kworum, ‘n vergadering verdaag.

17.3 Kworums

17.3.1 ‘n Kworum is 50% plus een (1) van stemgeregtigdes tydens enige vergadering van die Bond na behoorlike kennisgewing en moet volhou word totdat die vergadering tot ‘n einde kom. Ten einde stemgeregtigde lede wat weens ‘n geldige rede nie die vergadering kan bywoon nie te kan akkomodeer, kan ‘n skriftelike volmag van sodanige lede verkry word wat by die vergadering as deel van die kworum aangebied kan word.

17.3.2 Indien die kworum van stemgeregtigdes soos per art. 17.3.1 nie aanwesig is nie verdaag die Voorsitter die vergadering vir twintig (20) minute en wanneer die vergadering dan weer konstitueer sal dit geag word dat ‘n kworum aanwesig is.

17.3.3 Geko-opteerde lede sal onder gekwalifiseerde omstandighede nie gereken word om aan die vereiste van ‘n kworum te voldoen nie.

17.4 Mosies

17.4.1 Mosies wat ingedien word, verval by gebrek aan sekondering.

17.4.2 Na sekondering kry die voorsteller die geleentheid om die mosie te verduidelik en te motiveer;

17.4.3 enige lid mag aan die daaropvolgende bespreking deelneem;

17.4.4 ‘n amendement met die nodige sekondering, kan op die oorspronklike mosie ingedien word;

17.4.5 indien die voorsteller van die mosie tot die amendement instem, verval sy mosie;

17.4.6 indien die voorsteller nie tot die amendement instem nie, word sowel die mosie as die amendement bespreek;

17.4.7 wanneer daar tot stemming oorgegaan word, word eers oor die amendement gestem en indien dit aanvaar word, verval die oorspronklike weergawe van die mosie;

17.4.8 indien die amendement verwerp word, word oor die mosie gestem;

17.4.9 voordat daar tot stemming oorgegaan word, mag die voorsteller repliek lewer, maar geen nuwe argumente mag aangevoer word nie;

17.4.10 die Voorsitter mag, voordat daar tot stemming oorgegaan word, die vergadering toelig aangaande bestaande reëls van die Bond rakende die onderwerp onder bespreking, asook vorige beslissings wat hierop betrekking mag hê;

17.4.11 reëlings van die Voorsitter in verband met prosedures en besprekings van ‘n mosie, kan slegs verwerp word deur die vergadering op voorstel van die lid wat die oorspronklike mosie ingedien het. Slegs hy mag redes verstrek waarom hy die vergadering versoek om die reëling te verwerp. Die Voorsitter mag repliek hieroor lewer voordat die vergadering daaroor stem; en

17.4.12 die Voorsitter besluit wanneer ‘n mosie genoegsaam bespreek is. Stemming geskied deur die opsteek van hande. In ernstige gevalle of waar die geskil om ‘n persoon gaan, kan stembriewe gebruik word en sal die bepalings van artikel 10.3 mutatis mutandis van toepassing wees.

17.5 Punte van orde

Op vergaderings kan punte van orde gestel word en wel op grond van:

17.5.1 onwelvoeglike of beledigende taalgebruik;

17.5.2 politieke besprekings, of

17.5.3 nie-tersaaklikhede.

17.6 Reëlings betreffende punte van orde

17.6.1 Enige lid kan op enige stadium van die bespreking, ‘n spreker in die rede val en ‘n punt van orde stel;

17.6.2 die voorsteller kry dan ‘n geleentheid om sy punt van orde behoorlik te motiveer;

17.6.3 die Voorsitter kan die punt van orde handhaaf of verwerp. Sy beslissing is finaal.

17.7 Notule van vergadering

17.7.1 ‘n Relaas, so volledig moontlik, van besprekings en besluite van ‘n vergadering, moet deur die Sekretaris, of in sy afwesigheid, deur iemand anders gehou word;

17.7.2 ‘n presensielys moet by die notule ingesluit word;

17.7.3 die notule moet deur die eersvolgende vergadering oorweeg, bespreek en goedgekeur word;

17.7.4 waar daar van elektroniese opname-fasiliteite gebruik gemaak word, mag die bande na aanvaarding en goedkeuring van die betrokke notule(s) skoongevee word vir hergebruik.

17.8 Pligte en bevoegdhede van die Sekretaris

Hy/sy moet:

17.8.1 notules en presensielyste van vergaderings byhou;

17.8.2 'n sameroepingskennisgewing asook 'n sakelys van 'n voorgenome vergadering beskikbaar stel;

17.8.3 alle administratiewe pligte en take wat hy/sy van die Bestuur via die Voorsitter ontvang, nougeset uitvoer en

17.8.4 tydens vergaderings dieselfde regte en bevoegdhede as 'n gewone lid van die Bond uitoefen.

Artikel 18: Finansiële Bestuur

18.1 Boekhouding

Hoofbestuur en Takbesture moet verseker dat:

18.1.1 'n doeltreffende stel finansiële registers en rekeninge bygehou word waarin alle geldelike transaksies volledig en noukeurig aangeteken word;

18.1.2 'n bateregister bygehou word waarin alle bates van die Bond, roerend of onroerend, volledig beskryf word met die ge-evalueerde waarde van sodanige bates, jaarliks in die finansiële verslag aangedui word;

18.1.3 kwitansies uitgereik word vir alle gelde ontvang;

18.1.4 'n toepaslike bankrekening in die naam van die Bond geopen word, waarin alle gelde ontvang, gestort moet word;

18.1.5 tjeks of onttrekkingstrokies deur twee lede van dagbestuur, onderteken word en daar kan gebruik gemaak word van debietkaart wat vir die betrokke rekening uitgereik is;

18.1.6 waar nodig 'n kleinkas vir huishoudelike uitgawes byhou, vir 'n bedrag wat deur die onderskeie Besture goedgekeur moet word;

18.1.7 behoudens opdrag van die Kongres, beheer uitoefen oor die aanwending van alle fondse wat ontvang word;

18.1.8 fondse by wyse van geselligheide ingesamel word waar die behoefte bestaan. Behoorlike boekhouding moet van sodanige fondsinsameling gehou word en by die eersvolgende bestuursvergadering verslag daarvan gedoen word;

18.1.9 in uitsonderlike gevalle die nood of behoeftigheid van lede ondersoek, ter oorweging van finansiële of ander bystand;

18.1.10 dit ten doel het om enige gelde wat nie vir dag-tot-dagsake benodig word nie tot die beste voordeel van die Bond belê en bestuur word;

18.1.10.1 die finansiële jaar vir die Bond strek vanaf 1 Maart tot einde van Februarie die daaropvolgende jaar vir doeleindes van die Hoofbestuur en vir doeleindes van Takbesture vanaf 1 Januarie tot 31 Desember, aangesien die algemene jaarvergaderings van takke normaalweg gedurende Januarie en Februarie maar nie later nie dan Maartmaand in die jaar wat die Kongres gehou word moet plaasvind en

18.1.10.2 ge-ouditeerde finansiële state in die geval van Hoofbestuur en paslik nagesiene finansiële state van takke moet dus jaarliks vir hierdie periode voorberei word en moet in die geval van die Kongres tydens die Kongressitting deur die Tesourier en in die geval van ‘n tak tydens die Algemene Jaarvergadering deur die Sekretaris/Tesourier aangebied word. Takke moet verseker dat hulle finansiële dokumente vir ten minste vyf jaar bewaar word.

18.2 Donasies

18.2.1 Hoofbestuur of Takbesture mag donasies van goedgesinde organisasies of persone ontvang, met dien verstande dat die Bond nie daardeur in verleentheid gestel mag word nie.

Artikel 19: Wysiging van die Grondwet

19.1 Die Akte van Oprigting van die Bond mag slegs deur ‘n twee-derde meerderheid van stemme op ‘n Kongres gewysig word, met die voorbehoud dat Hoofbestuur die Akte kan wysig in dringende en noodsaaklike gevalle na skriftelike oorlegpleging met Takbesture waarin die konsepwysiging uiteengesit en gemotiveer word; Met dien verstande dat sodanige wysiging slegs kan geskied met die goedkeuring van ‘n tweederde meerderheid van alle takke en moet by die eerskomende Kongres vir kondonering en goedkeuring voorgelê word;

19.2 die Kongres mag die Statute van die Grondwet met ‘n gewone meerderheid stemme wysig;

19.3 in uitsonderlike gevalle mag Hoofbestuur die Statute voorlopig wysig, onderhewig aan goedkeuring deur die daaropvolgende Kongres; en

19.4 kennisgewings van voorgestelde wysigings moet ten minste een kalendermaand voor die aanvang van die volgende Kongres deur Hoofbestuur aan Takbesture voorsien word. Met dien verstande dat die Kongres in gevalle van dringende aard, met ‘n twee-derde meerderheid van stemme, sodanige versuim van een maand kennisgewing, kan kondoneer.

Artikel 20: Uitleg van die Grondwet

In die geval van ‘n geskil oor die vertolking van enige van die bepalings van die Grondwet, is die uitleg van Hoofbestuur bindend, onderworpe aan bekragtiging daarvan deur ‘n daaropvolgende Kongres. Indien die uitleg van die Hoofbestuur nie bekragtig word nie, moet die Kongres ‘n paslike beslissing neem wat bindend en finaal sal wees.

Artikel 21: Ere-toekennings deur Hoofbestuur

Hoofbestuur kan, of op aanbeveling van ‘n Takbestuur aan ‘n lid of lede wat reeds vir ‘n geruime tyd besonder waardevolle dienste gelewer het ter verwesenliking van die doelstellings van die Bond, na gelang van die aard van die verdienste, een of meer van die volgende toekennings maak:

21.1.1 ‘n sertifikaat, of;

21.1.2 ‘n gepaste adres, of

21.2 aan ‘n lid wat die ouderdom van 70 (sewentig) jaar bereik of ouer is en nog nie so ‘n toekenning ontvang het nie, ‘n lapélwapen met ‘n balkie toeken;

21.3 aan lede wat 80 (tagtig) jaar of ouer is, lewenslange lidmaatskap toeken. Hierdie lede sal alle regte en voorregte as gewone lede geniet en is vrygestel van die betaling van ledegelde; en

21.4 ere-lidmaatskap toeken aan persone wat buitengewoon waardevolle dienste oor ‘n lang tydperk aan die Bond gelewer het, of wat in besonder die belange van die Bond bevorder het.

Artikel 22: Relaas van ere-toekennings

Die Nasionale Sekretaris moet ‘n register byhou waarin alle ere-toekennings wat deur Hoofbestuur goedgekeur is, met vermelding van name en datums van toekenning, sorgvuldig aangeteken word.

Artikel 23: Raad van Trustees

Die Kongres, of as interim maatreël die Hoofbestuur, mag vir doeleindes van die doelstellings van die Bond waarna artikel 2.2 verwys, skemas en projekte goedkeur. Vir die doeltreffende bestuur en beheer hiervan, sal die Nasionale Voorsitter, Nasionale vise-Voorsitter, Nasionale Tesourier en die Nasionale Sekretaris ‘n raad van trustees vorm met die reg van ko-optasie. Hierdie raad moet aan Hoofbestuur en die Kongres verslag doen. Die Raad van Trustees kan kontrakterend, eisend of verwerend namens die Bond optree.

Artikel 24: Woordomskrywing

24.1 “Die Polisie” beteken die voormalige Suid-Afrikaanse Polisie en voormalige Suid-Afrikaanse Spoorwegpolisie, asook die Suid-Afrikaanse Polisie Diens.

24.2 “Lede” beteken manlike en vroulike lede van die Bond.

24.3 “Hoofbestuur” beteken die verkose Hoofbestuur soos bedoel in artikel 10.2

24.3.1 “Die Voorsitter” beteken die Nasionale Voorsitter.

24.3.2 “Die vise-Voorsitter” beteken die Nasionale vise-Voorsitter.

24.3.3 “Die Tesourier” beteken die Nasionale Tesourier.

24.3.4 “Die Sekretaris” beteken die Nasionale Sekretaris.

24.4 “Takbestuur” beteken verkose Takbestuur soos bedoel in artikel 10.9

24.4.1 “Voorsitter” beteken Takvoorsitter.

24.4.2 “Vise-Voorsitter” beteken vise-Takvoorsitter.

24.4.3 “Tesourier” beteken Taktesourier.

24.4.4 “Sekretaris” beteken Taksekretaris.

24.5 Goedgekeurde en verdienstelike instansies soos van die wat bedoel word in Artikels 7.3, 7.4 en 8.3 is die volgende:

(1) Die Weduwee- en Weesfonds (waarby ingesluit is Weesgerus vakansie-oord);

(2) Bejaardesorgfonds ; en

(3) sodanige verdienstelike instansies soos wat ingevolge artikel 7.4 deur Hoofbestuur na oorlegpleging met Takbesture ge-identifiseer mag word.

Hierdie is erkende instellings wat tydens die bestaan van die Suid-Afrikaanse Polisie tot stand gebring is en steeds in die huidige bedeling voordele aan lede van die Bond verskaf. Die voortbestaan van die instellings (1) – (4) supra moet tydens elke Kongressitting deur die Nasionale Voorsitter/Sekretaris bevestig word.

Artikel 25 Bylae's:

25(1) Aansoek om lidmaatskap van die Bond vorm (Sien "Bylae A").

25(2) Stembriewe (Sien "Bylae B").

25(3) Verkiesingsuitslae (Sien "Bylae C").

BYLAE "A" 11.1.5
(Sien Artikel 11)

AANSOEK OM LIDMAATSKAP VAN DIE BOND VAN OUD-POLISIEBEAMPTES

STATUS:
GETROUD/WEDUWEE/WEWENAAR/ENKELLOPEND/LEWENSMAAT
(Skrap waar nie van toepassing)

Ledegeld: R …….. per lid R …… per egpaar

Vrygesel (verstrek rede) …….

DATUM BETAALBAAR: …….

Ek, (volle naam, noemnaam en van) ……..

…….

My besonderhede is soos volg:

Voormalige lid van …….

Rang (indien van toepassing) ……..

Mag Nr.: …… Troep Nr.: ……..19 ……

ID Nr. ……..

Datum van attestasie …….. Datum en rede vir uitdienstreding …….

Huweliksdatum ……

Polmed Nr.:……..

Pensioen Nr.: ……...

Gade/lewensmaat se volle voorname en noemnaam ...……

……..

ID nr.: …….

VOLLEDIGE WOONADRES EN POSKODE **POSADRES EN POSKODE**

…….. …….

……..... …….

……. …….

Tel. Nr.: ……. Selfoon Nr.: …….

Die volgende besonderhede word verlang ten einde die Sekretaris in staat te stel om ‘n diens aan u as Bondslid of u naasbestaandes in geval van afsterwe te kan lewer.

Naam en adres van ‘n naasbestaande ……..

Tel. Nr. …….

U kerk en gemeenteverband …….

Beskik u oor ‘n testament: Ja/Nee (Indien ja, waar en by wie is dit beskikbaar) …...

……..

Naam van u Bankier ……

Het u nog bestaande versekering (indien ja, by wie en waar) …….

……..

Beskik u oor ‘n begrafnispolis (indien ja, by watter instansie/genootskap is dit beskikbaar) ……..

Ek neem kennis van die volgende bepalings van die Grondwet van die Bond van Oud-Polisiebeamptes naamlik:

DOELSTELLINGS:

Die doelstellings van die Bond ingevolge Artikel 2 is om:

1. die onderlinge kameraadskap, harmonie, vriendskap, hulpvaardigheid en gemeenskaplike belangstelling tussen sy lede te handhaaf en te bevorder;
2. na die sosiale belange van sy lede om te sien;
3. voortdurend te waak oor die welsyn van sy lede deur om te sien na onder andere: pensioen- en mediese voordele;
4. asook sodanige ander belange wat Hoofbestuur van tyd tot tyd vir sy lede mag identifiseer, te ondersoek en te bevorder; en

5. sodanige ander belange wat geidentifiseer mag word, kan van ‘n nood of behoeftige aard wees en kan die hulp van byvoorbeeld die Bejaardesorgfonds of ander verdienstelike instansies ingeroep word, maar moet daar gewaak word om die Bond nie na ‘n liefdadigheids- of welsynsorganisasie om te skakel nie.

LEUSE EN EREKODE:

Die Bond se leuse is: “***BONITAS AD INFINITUM***”.

EREKORDE:

Die erekode van die Bond sal wees:

1. om, in erkentlikheid teenoor en aanbidding van die Almagtige God, te alle tye ‘n Christelike karakter te handhaaf;

2. om getrou te bly aan ons land Suid-Afrika en onberispelik te leef met ons woord as ons eer;

3. om te alle tye hulpvaardig, hoflik en vriendelik teenoor andere te wees en die belange van lede van die Bond te bevorder.

Ek aanvaar sonder enige voorbehoude die doelstellings, die leuse en erekode van die Bond soos hierbo uit die Grondwet aangehaal.

…….. Datum: ……

Goedgekeur/afgekeur tydens ‘n Takbestuursvergadering gehou te …… op (datum) ……..

Indien afgeskeur verstrek volledige rede en verwys die geval na Hoofbestuur vir finale beslissing.

…….
……
……
……
……
……
……

..…… ……..
VOORSITTER SEKRETARIS

PLEK ……..…….. DATUM ……..

BYLAE "B"
(Sien Artikel 10.3.4)

STEMBRIEF: BOND VAN OUD-POLISIEBEAMPTES

Kongres/Tak/Hoofbestuurverkiesing (Datum) (Plek)

Nasionale Voorsitter ……

Nasionale vise-Voorsitter ……

Nasionale Tesourier …….

Nasionale Sekretaris ……

Sewe (7) verkose lede:

1. …….. 2. ……

3. …….. 4. ……

5. ……. 6. ……

7. …….

BYLAE "C"
(Sien Artikel 10.3.8)

VERKIESINGSUITSLAG: BOND VAN OUD-POLISIEBEAMPTES

Kongres/Tak/Hoofbestuurverkiesing (Datum) (Plek)

Nasionale Voorsitter ……

Nasionale vise-Voorsitter ……

Nasionale Tesourier …….

Nasionale Sekretaris ……

Sewe (7) verkose lede:

1. …….. 2. ……

3. …….. 4. ……

5. ……. 6. ……

7. …….